Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, June 20, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande



Dit kan die belangrikste dekking wees wat jy in jou lewe sal uitneem

# Maak seker met 'n siektepolis

Ek wonder soms of dekking teen 'n gevreesde siekte, soos kanker, 'n hartaanval of beroerte, nie dalk die belangrikste polis is wat jy in jou lewe sal uitneem nie. Kom ons kyk.

Net om seker te maak almal is op dieselfde blad, hier is 'n baie breë definisie van so 'n polis. Ons noem dit 'n gevreesdesiekte-polis, vroeër bekend as traumadekking (hoewel die nuwegenerasie-polisse baie meer omvattend is), want dit dek jou vir ingeval jy 'n sogenaamde gevreesde siekte opdoen.

Dit is die drie wat ek hierbo in my inleiding noem, plus 'n hartomleiding, wat gewoonlik die groot vier siektes vorm, hoewel die polisse deesdae 'n baie groter getal siektes insluit. Dit verskil van versekeraar tot versekeraar waarvoor en in hoe 'n mate daar dekking is.

Op dié punt kan ek lesers dalk net maan tot versigtigheid, want daar is versekeraars met 'n ellelange lys siektes waarteen jy kwansuis gedek is, maar as jy mooi kyk, sal jy sien dis baie keer 'n herhaling van dieselfde kwaal onder 'n ander naam.

Terug by die polis self. Die polis betaal 'n bedrag geld uit by diagnose van een van die siektes. Sommige betaal 'n persentasie van die versekerde bedrag, afhangend van die graad van die siekte.

Ander weer, en dit is die soort wat ek verkies, betaal die volle versekerde bedrag uit by diagnose van een van die groot vier, en in die geval van mindere siektes, of die verlies aan vermoë om sekere dag-tot-dag-funksies te verrig, 'n sekere bedrag.

Covid is nie gespesifiseer as 'n gevreesde siekte nie, maar as die nagevolge daarvan ernstig is, kan daar 'n voordeel wees.

## Drie se ervarings

Dis nou eers genoeg oor wat dit is. My raad, soos met alle finansiële produkte, is om 'n professionele finansiële beplanner aan te stel om na jou sake te kyk.

Die eerste vraag wat ek gewoonlik van mense kry, is hoekom so 'n polis nodig is as jy lid van 'n mediese skema is.

Die polis is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema nie. Maar jou mediese skema dek ook nie alle mediese uitgawes nie. Dit betaal ook nie vir lang rehabilitasie nie, of vir lewenstylaanpassings nie. Dit betaal ook nie vir verlies aan inkomste nie.

Hier is baie kortliks 'n blik op die werklikheid uit my ervaring met net drie van ons kliënte.

■ A is 'n jong man van so 37 jaar oud, fiks en op die oog af gesond. Skaars ses maande nadat ek 'n gevreesdesiekte-polis aanbeveel het, wat hy nie wou aanvaar nie, want hy "makeer dan niks", kry hy kanker. Vir die volgende jaar, terwyl hy behandeling gekry het, het hy geen inkomste gehad nie.

■ B is 'n middeljarige man met jong kinders en 'n eie saak. In Februarie van daardie jaar het ek so 'n polis aanbeveel, wat hy taamlik langtand opgeneem het. In Desember van daardie jaar kry hy prostaatkanker en die versekeraar betaal daar en dan R2 miljoen aan hom uit.

Sy onderneming was op daardie tydstip in die knyp met skuld van nagenoeg R1 miljoen. Sy skuld is summier gedelg en hy het R1 miljoen oorgehad om te belê. Die kanker is gekeer. Hy leef nou 'n normale lewe. Meer nog. Die polis bly in stand en sou hy 'n hartaanval kry, of dalk selfs kanker van 'n ander aard, sal dit weer R2 miljoen aan hom uitbetaal.

■ C is 'n kliënt en ook 'n goeie vriendin van ons. Fiks en gesond. Ry fiets en op die oog af is daar niks wat haar sal onderkry nie. Drie weke gelede sien die dokter 'n kol op die long en verlede week is die long weens kanker verwyder. Dit kan met enigeen gebeur, nie net met ander mense nie. En ja, gelukkig is sy ook gedek met 'n polis.

## Gee gemoedsrus

En só kan ek nog baie noem. Oorweeg dit as deel van jou finansiële plan. En as daar kanker in jou familie is of was, skenk meer aandag. Kanker loop in families. Alzheimer se siekte is langdurig en duur.

As jy 'n vrou is, is die kans groot dat jy borskanker gaan kry. Dieselfde geld mans en prostaatkanker. Dit lê op ons almal se pad, mits die noodlot nie vooraf anders bepaal nie.

Ek herhaal, die polis vervang nie 'n mediese skema nie. Jy moet, as jy dit enigsins kan bekostig, albei hê.

Die belangrike doel van 'n mediese skema vir my wat gelukkig baie gesond is, is dat ek elke jaar my internis, my uroloog, my dermatoloog en my tandarts besoek om seker te maak ek is nog so gesond soos wat ek dink. Sonder om my te veel te kwel oor die koste daarvan.

My gevreesdesiekte-polis is een van daardie wat jy uitneem en dan hoop jy kry dit nooit nodig nie. Geld vervang nie goeie gesondheid nie en kan dit nooit doen nie, maar dit is 'n belangrike stuk gemoedsrus waarmee jy jouself toerus.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.